**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

## NOVEMBER 2012 (1)

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 'n aparte inligtingsblad.**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. As gevolg van die aard van hierdie drie-uur-eksamen is dit belangrik om daarop te let dat jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal voor die einde van die eksamensessie te verlaat NIE.

2. Tik jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') van ELKE dokument wat jy skep of stoor.

3. Die toesighouer sal vir jou 'n disket gee met al die lêers wat vir die eksamen benodig word, OF jy sal ingelig word waar die lêers op die netwerk of rekenaar gevind kan word. Indien 'n disket aan jou uitgereik is, moet jy jou eksamennommer en sentrumnommer op die disket skryf. Indien jy op die netwerk werk, volg die instruksies wat deur die toesighouer gegee word.

4. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.

5. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.

6. Beantwoord AL die vrae.

7. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.

8. Lees elke vraag deur voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat deur die vraag vereis word NIE.

9. Aan die einde van die eksamen moet jy die disket wat deur die toesighouer aan jou gegee is, inlewer met AL jou antwoordlêers daarop gestoor, OF jy moet seker maak dat AL jou antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word. Moet NIE enige onnodige lêers/lêergidse stoor NIE en moet NIE duplikaat antwoordlêers/-lêergidse indien NIE.

10. Die aparte inligtingsblad wat saam met die vraestel verskaf word, MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE INGEVUL WORD. Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.

11. Gedurende die eksamen mag jy die hulpfunksies gebruik van die programme wat jy gebruik. Jy mag GEEN ander hulpbronmateriaal gebruik NIE.

12. Indien data afgelei is uit 'n vorige vraag wat jy nie kon beantwoord nie, moet jy steeds voortgaan met die vrae wat volg.

13. Tensy anders aangedui, moet formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in vrae oor sigblaaie gebruik word. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

14. Vir alle vrae oor woordverwerking moet die taal op 'English (South Africa)' gestel word. Die papiergrootte word as A4 Portret ('Portrait') aangeneem, tensy anders aangedui.

15. Gebruik sentimeter as die meeteenheid om hierdie vraestel te beantwoord.

16. Daar word gewoonlik 1 punt per handeling toegeken, sodat 'n 2-puntvraag gewoonlik TWEE handelinge sal vereis, ensovoorts.

17. Die eksamenlêergids/-datadisket wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêergids en al die lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy die lêergids en al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

'n Lêergids genaamd **Data** wat die volgende lêers bevat:

| | |
|---|---|
| • 1Bullet_Kolpunt | Prentlêer |
| • 1Facts_Feite | Woordverwerkingslêer |
| • 1Mark_Merk | Prentlêer |
| • 2BlackRhino_SwartRenoster | Prentlêer |
| • 2Reserves_Reservate | Woordverwerkingslêer |
| • 3Statistics_Statistiek | Sigbladlêer |
| • 4Trip_Uitstappie | Sigbladlêer |
| • 5Rhino_Renoster | Databasislêer |
| • 5View_Besigtig | Sigbladlêer |
| • 6Months_Maande | Sigbladlêer |
| • 6Postcard_Poskaart | Woordverwerkingslêer |
| • 6Spotted_Gesien | Databasislêer |
| • 7Answers_Antwoorde | Woordverwerkingslêer |
| • 7Outline_Buitelyn | Woordverwerkingslêer |
| • 7Web_Web | Woordverwerkingslêer |
| • 7Workbook_Werkboek | Sigbladlêer |

**SCENARIO**

Baie mense is besorg oor die afname in die renosterbevolking. Die RTT-leerders is gevra om met die volgende te help:

- Die skep van bewustheid om die renosterbevolking te red
- Die opstel van sigblaaie en grafieke
- Die bywerk van statistiek en verskaffing van ondersteuning aan die 'Red die Renoster'-trust


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 1

Maak die lêer **1Facts_Feite** oop.

'n Dokument is opgestel met 'n lys vrae wat dikwels gevra word ('FAQs') en 'n paar feite oor renosters. Voer die instruksies hieronder uit om die dokument te redigeer en formateer sodat dit meer professioneel lyk.

1.1 Formateer die teksblokkie sodat dit soos die een hieronder lyk.

**FREQUENTLY ASKED QUESTIONS**

**RHINO**

1.1.1 Maak seker dat die teksblokkie 'n 3 pt-lynraam ('line border') het. (1)

1.1.2 Verander die agtergrondkleur van die teksblokkie na enige ander kleur as die gegewe kleur. (1)

1.1.3 Die woord 'RHINO' moet in 'n 23.5 pt-fontgrootte verskyn. (1)

1.1.4 Plaas die teksblokkie links onderaan die bladsy. (1)

1.2 Verstel die grootte van die prentjie van die babarenoster op die eerste bladsy van die dokument sodat dit die hele bladsy vul.

**WENK:** Ignoreer die watermerk. (2)

1.3 Pas die styl genaamd 'Rhino' aan sodat dit soos volg verskyn:

- In 'n skadublokraam ('shadowed box border')
- Met 'n 15% grys agtergrondskakering
- Paragraafspasiëring van 18 pt na ('after')/0.64 cm onder ('below') (3)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.4 Vertoon die verhelderde ('highlighted') teks wat begin met 'The white rhino's ...' en eindig met '... White rhinos are grazers.' in twee kolomme soos hieronder aangedui.

- Die linkerkantste kolom is 10 cm breed.
- Die regterkantste kolom is 5 cm breed.
- Die prentjie moet in die linkerkantste kolom verskyn, soos aangedui.
- Maak seker dat die teks wat begin met 'Weight: over 2 ...' en eindig met '... White rhinos are grazers.' altyd in die regterkantste kolom sal verskyn.

## The White Rhino

The white rhino's name is derived from the Dutch "weit," meaning wide, a reference to its wide, square muzzle adapted for grazing. The white rhino, which is actually grey, has a pronounced hump on the neck and a long face.



Weight: over 2 tons.

The white rhino's habitat: Grassland and open savannah. White rhinos live in savannah with water holes, mud wallows and shade trees. White rhinos are grazers.

(6)

1.5 Skep 'n kolpuntlys van die huidige bevolkingskattings wat begin met 'White rhino ...' en eindig met '... <44' om soos volg te vertoon:

- White rhino: 20 150
- Black rhino: 4 860
- Greater one-horned rhino: 2 850
- Sumatran rhino: 200
- Javan rhino: <44

1.5.1 Gebruik die lêer **1Bullet_Kolpunt.jpg** om renostervormige kolpunte op die lys toe te pas. (2)

1.5.2 Stel 'n 10 cm-tabelkeep ('tab') om die getalle inlyn te stel, soos hierbo aangedui. (3)

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.6 Verander die teks '25 things you might not know about rhinos' wat aan die einde van die 4de bladsy gevind word, soos volg:

1.6.1 Maak die eerste letter van elke woord van die teks bokas. (1)

1.6.2 Pas die voorafgedefinieerde styl genaamd 'Title' op die teks '25 things you might not know about rhinos' toe. (1)

1.7 Vind die tabel aan die einde van die dokument:

1.7.1 Stel die kolombreedte van die tabel op 8 cm en die hoogte van al die rye op presies 6 cm. (3)

1.7.2 Sentreer al die teks vertikaal en stel dit inlyn aan die linkerkant van die selle. (1)

1.7.3 Voeg 'n kolom aan die regterkant in sodat daar twee kolomme in die tabel is. (1)

1.7.4 Maak seker dat die teks in die linkerkantste kolom as 'n genommerde lys verskyn waar die nommers deur 'n hakie gevolg word, byvoorbeeld 1), soos hieronder aangedui.

Is your family obsessed with trivia night? Do you keep running out of small talk at summer braais? Try out some of these interesting rhino facts!

| | |
|---|---|
| 1) A group of rhinos is called a "crash". | |
| 2) White rhinos aren't white. (And black rhinos aren't black.) The white rhino's name is taken from the Dutch word describing its mouth: "weit", meaning "wide". Early English settlers in South Africa misinterpreted the "weit" for "white". | |

(2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.7.5 Die tabel sal gebruik word vir feitekaartjies waar die teks aan een kant verskyn met 'n bypassende prentjie aan die ander kant.

Skuif die prentjie van die wollerige renoster, wat aan die einde van die dokument gevind word, na die oop sel langs die beskrywing van die prehistoriese wollerige renoster wat in geel verhelder ('highlighted') is. (MOENIE prentjies in enige van die ander selle plaas NIE.) (2)

1.8 Voeg die teks 'Save the Rhino' aan die regterkant van die bladsyonderskrif van die dokument in. Gebruik enige eienskap van die woordverwerkings-toepassing om die aandag op hierdie teks te vestig. (2)

1.9 Voeg outomatiese bladsynommering in enige formaat in sodat dit aan die linkerkant van elke bladsy verskyn en op die tweede bladsy begin.

Die nommering moet as Romeinse nommers in bokas geformateer word, byvoorbeeld I, II, III. (3)

1.10 Gaan na die einde van die dokument en genereer 'n outomatiese inhoudsopgawe ('automatic table of contents') vanaf enige profielvorm ('template').

Die inhoudsopgawe moet in hoofletters vertoon, soos hieronder aangedui.

THE WHITE RHINO ....................................................II
THE BLACK RHINO ....................................................II
WHAT DO RHINOS EAT ....................................................II
WHAT ARE THE HABITS OF RHINOS? ....................................................II
HOW LONG DO RHINOS CARRY THEIR YOUNG? ....................................................III
WHO IS THE RHINO'S ENEMY?.................................................... III
HOW LONG HAVE RHINOS ROAMED THE EARTH? ....................................................III
HOW MANY SPECIES OF RHINO ARE THERE? .................................................... IV
WHAT HAS CAUSED THE SPIKE IN RHINO POACHING?.................................................... IV

(3)

1.11 Vervang die huidige watermerkprentjie (prentjie van twee swartrenosters) met die prentjie wat in die lêer **1Mark_Merk** gevind word. (2)

Stoor **1Facts_Feite** en maak die dokument toe. **[41]**


Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 2

Maak die lêer **2Reserves_Reservate** oop.

'n Brosjure is geskep om die reservate waar renosters gevind word, te bemark. Die brosjure verskyn in A4 landskap ('landscape'), wat in twee kolomme ingedeel is.

2.1 Gebruik die prentjie saam met outovorms ('Autoshapes') en WordArt/Fontworks om die eerste bladsy van die brosjure te herskep, soos hieronder aangedui.




Let op die volgende:

- 'n Geboë WordArt/Fontworks wat vir 'Reserves' gebruik word
- Die sirkel of ronde vorm
- Die plasing van die renosterprentjie
- Die rotering van die renosterprentjie
- 'n Patroonvuleffek ('pattern fill effect') wat gebruik is om die sirkel of ronde vorm te vul
- 'n Raam ('Border') word nie benodig nie (5)

2.2 Stel 'n hangende inkeping ('hanging indent') van 0.5 cm op al die paragrawe in die dokument in. (3)

2.3 Pas die vergrote hoofletter ('dropped cap') 'S' wat op die tweede bladsy voorkom, aan sodat dit oor DRIE reëls loop. (1)

2.4 Voeg 'n hiperskakel ('hyperlink') in op die woorde 'black rhino' (in geel verhelder), wat in die eerste paragraaf van die dokument voorkom en koppel dit aan die lêer **2BlackRhino_Swart Renoster** in jou eksamenlêergids. (2)

2.5 Vind die woord 'Nkomazi' in die opskrif 'Nkomazi Game Reserve, Mpumalanga'.

Voeg 'n voetnoot by die woord 'Nkomazi' wat 'Place of water' lees.

Gebruik 'n asterisk (*) as die doelmerk ('custom mark') vir die voetnoot. (3)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.6 Vervang al die kere wat die woord 'donate' voorkom soos volg:

- Die hele woord 'donate' moet vervang word met 'donate ☺'.
- Voeg 'n blou verheldering ('highlight') op al die vervangings 'donate ☺' by. (4)

2.7 Voeg 'n bladsyraam ('page border') in op al die bladsye, behalwe op die eerste bladsy. (2)

2.8 Dateer die figuurtabel ('table of figures') op wat aan die einde van die dokument gevind word sodat dit 'Figure 3 Rhino' insluit. (1)

Stoor **2Reserves_Reservate** en maak die dokument toe. **[21]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3**

Die statistiek van renosterstropery sedert 2009 reflekteer die erns van die situasie. Die Nasionale Krugerwildtuin word by die statistiek ingesluit as gevolg van die belangrike rol wat dit speel. Die Ekoklub wil hierdie statistiek gebruik om bewustheid te skep.

Maak die **3Statistics_Statistiek**-sigblad oop.

Werk in die **Poach_Stroop**-werkblad.

3.1 **Sel B2:F4** is saamgevoeg ('merged').

Bring die volgende veranderinge aan die opskrif in die saamgevoegde sel aan:

3.1.1 Verander die agtergrond van die saamgevoegde sel na 'n ander kleur. (1)

3.1.2 Voeg 'n raam ('border') om die saamgevoegde sel. (1)

3.1.3 Maak seker dat die teks in die saamgevoegde sel pas sonder om die fonttipe, fontstyl of tekstipe te verander. (1)

3.2 Voeg 'n funksie in **sel F5** in om die teks uit **sel B16** in bokas te vertoon. (2)

3.3 Verander die inlynstelling ('alignment') van die opskrifte in **sel B5:F5** om teen 'n hoek van 75 grade te vertoon. (1)

3.4 Gebruik 'n funksie in **sel D16** om die totale getal renosters wat in 2010 doodgemaak is, te bereken. (2)

3.5 Gebruik 'n funksie in **sel J6** om te bepaal hoeveel provinsies NIE in 2009 statistiek verskaf het NIE. (2)

3.6 Gebruik 'n funksie in **sel K6** om die getal provinsies te vind waar meer as 20 renosters in 2011 doodgemaak is. (3)

3.7 Die provinsies waar renosters gedurende 2009–2011 doodgemaak is, word soos volg geklassifiseer:

- Hoë risiko ('High Risk'): 50 of meer renosters is doodgemaak
- Lae risiko ('Low Risk'): minder as 50 renosters is doodgemaak


Die woorde 'High Risk' of 'Low Risk' verskyn in **kolom H**.

Gebruik 'n funksie in **sel H9** om die woorde 'High Risk' of 'Low Risk' te vertoon om SLEGS Limpopo se risikovlak aan te dui. (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


3.8 Bring die volgende veranderings aan in die grafiek wat in die **Poach_Stroop**-werkblad gevind word, sodat dit soos die voorbeeld hieronder lyk:




Let op die volgende:

- Die titel verskyn boaan die grafiek.
- Waardes word as data-etikette boaan die kolomme vertoon.
- Geen verklaring ('legend') verskyn nie.
- Die langste kolom het 'n ander kleur as die ander kolomme.

Plaas die grafiek in sy eie nuwe werkblad en noem die werkblad **Graph_Grafiek**. (6)

3.9 Stropers werk gewoonlik in groepe van drie mense.

Die getal mense wat vir renosterstropery gearresteer is, word in die **Arrests_Arrestasies**-werkblad vertoon.

Werk in die **Arrests_Arrestasies**-werkblad.

3.9.1 Neem aan dat 'n groep van drie mense gearresteer is vir elke renoster wat doodgemaak is.

Voeg 'n formule by in **sel C8** om die getal renostersterftes waarvoor mense gearresteer is, te bereken. Die antwoord moet na die naaste kleiner heelgetal afgerond word. (4)

3.9.2 Rangskik die data sodat die provinsie met die grootste getal arrestasies vir stropery in 2011 eerste sal vertoon en die provinsie met die kleinste getal arrestasies laaste. (3)

Stoor **3Statistics_Statistiek** en maak die dokument toe. **[30]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4**

Die Ekoklub se lede het gereël om oor 'n langnaweek na renosters te gaan kyk in die Meetzi Nasionale Park. Besprekings vir die uitstappie word deur die klub gemaak. Gesinne het die opsie om etes te deel of om hul eie te neem.

Maak die **4Trip_Uitstappie**-sigblad oop.

Werk in die **Bookings_Besprekings**-werkblad.

4.1 Vertoon die waardes in **kolom I** as Suid-Afrikaanse rand. (1)

4.2 Om die administrasie makliker te maak, is 'n kode aan elke gesin gegee, byvoorbeeld Mop5agah.

Voeg funksies in **sel B3** in om die gesinskode te bepaal.

Die gesinskode word soos volg saamgestel:

- Die eerste drie letters van die naam van die ruskamp in **kolom E**, gevolg deur
- Die getal persone in die gesin in **kolom F**, gevolg deur
- Die laaste vier karakters van die naam in **kolom C** (6)

4.3 Die Ekoklub het besluit om 'n gelukkige trekking te hou.

Aanvaar dat die mense (in **kolom C**) wat plek bespreek het van 1 af genommer is.

In **sel P4**, voeg 'n funksie en/of formule by om 'n ewekansige ('random') wennommer te vind. (4)

4.4 Voeg 'n formule in **sel I3** by om die koste van al die etes wat deur die gesin van H Smith bestel is, te bepaal. Die prys van elke ete is in **sel P1** gestoor, en die getal etes wat bestel is, is in **kolom H** gestoor. Maak seker dat die formule korrek na al die ander selle in **kolom I** sal gekopieer kan word. (4)

4.5 Voeg 'n funksie in **sel J3** by om die akkommodasiekoste per nag vir die Smith-gesin, wat in 'n chalet by die ruskamp in **sel E3** gebly het, te bepaal. Die koste word in die **Costs_Koste**-werkblad gevind. (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.6 Die afslag wat deur die Ekoklub gegee word, hang van die getal etes (**kolom H**) af wat die gesin bestel het.

In **sel L4**, gebruik 'n IF-funksie om die persentasie afslag wat gegee is soos volg te bereken:

- Geen afslag vir minder as 10 etes nie
- 3% afslag vir 10 tot 20 etes
- 10% afslag vir meer as 20 etes

Met ander woorde, 0%, 3% of 10% sal vertoon word. (7)

4.7 Voeg 'n funksie in **sel P3** by om die getal mense wat by 'Lower Sabie' bespreek het, te wys. (4)

4.8 'n Tabel van die getal mense wat in elke kamp gaan bly, is in **sel O8:P18** in die **Bookings_Besprekings**-werkblad gegee.

- Skep 'n grafiek in dieselfde werkblad om die persentasie mense by elke kamp as 'n gedeelte van die totale getal mense wat by al die kampe bly, te vertoon.
- Vertoon databyskrifte, insluitend name, waardes en persentasies, op die grafiek. Byvoorbeeld, die databyskrif vir die Orpen-kamp sal op die grafiek as Orpen; 95; 13% vertoon. (4)

Stoor **4Trip_Uitstappie** en maak die sigblad toe. **[34]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5**

Die RTT-leerders is gevra om data uit die databasis **5Rhino_Renoster** te interpreteer om inligting aan die Ekoklub te verskaf.

Maak die **5Rhino_Renoster**-databasis oop.

5.1 Skep 'n tabel genaamd **New_Nuut** om die volgende velde in te sluit:

- Plek
- Foto

Ken 'n gepaste datatipe en veldgrootte/-formaat aan elke veld toe. (4)

Stoor en maak die tabel **New_Nuut** toe.

5.2 Voer die data uit die **Spotted_Opgemerk**-werkblad in die **5View_Besigtig**-sigblad in na 'n nuwe databasistabel. Noem die databasistabel **Latest_Nuutste**. (2)

5.3 Maak die tabel **Rhino_Renoster** oop.

5.3.1 Stel 'n valideringsreël op die *Age_Ouderdom*-veld sodat die gebruiker slegs 'n waarde van 'A' of 'J' kan insleutel.

Voeg toepaslike valideringsteks vir hierdie veld by. (2)

5.3.2 Voeg 'n nuwe veld met die naam *EcoMember_EkoLid* na die *Seen_Gesien*-veld in. (2)

Stoor en maak die **Rhino_Renoster**-tabel toe.

eeduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

5.4 Die Ekoklublede het jou gevra om die vorm in die databasis te verander sodat hulle dit kan gebruik om data in die databasis in te voer.

Maak die vorm genaamd **frmRhino_Renoster** wat op die **Rhino_Renoster**-tabel gebaseer is, oop.

5.4.1 Tik jou eksamennommer in 'n etiket ('label') in die vormonderskrif ('form footer') in. (2)

5.4.2 Verander die *BW_SW*-veld na 'n aftreklys ('drop-down list') wat die gebruiker die opsie gee om 'B' of 'W' te kies. (2)

5.4.3 Verander die instellings van die prentjie in die vormboskrif ('form header') sodat die hele prentjie vertoon. Stel die hoogte en breedte van die prentjie op presies 2 cm. (2)

5.4.4 Verander die agtergrond van die *Province_Provinsie*-teksblokkie om in 'n groen kleur te vertoon wanneer 'KZN' vertoon word. (2)

Stoor en maak die vorm **frmRhino_Renoster** toe.

Help die Ekoklub om inligting uit die databasis te onttrek deur die volgende navrae ('queries') te doen:

5.5 Skep 'n navraag met die naam ***MyQuery*** om al die velde van die **Rhino_Renoster**-tabel te vertoon. (2)

Stoor en maak die navraag **MyQuery** toe.

5.6 Maak die navraag **qryYoung_Jonk** oop en verander dit.

- Vertoon die plekke waar jong ('juvenile') renosters in Limpopo ('LP') of Mpumalanga ('MP') gesien is.
- Vertoon slegs die velde *Place_Plek* en *Seen_Gesien*.
- Sorteer die navraag volgens die provinsie. (6)

Stoor en maak die navraag **qryYoung_Jonk** toe.

5.7 Maak die navraag **qryDays_Dae** oop en verander dit.

- Gebruik 'n nuwe veld met die naam *Days_Dae* om die getal dae tussen vandag en die laaste keer wat renosters gesien is, te vertoon.
- Vertoon die dae as 'n heelgetal. (5)

Stoor en maak die navraag **qryDays_Dae** toe.

Kopiereg voorbehou Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com

5.8 Die Ekoklub wil verslag doen oor die renosterbesigtigingsprojek. Die verslag ('report') **repRhino_Renoster** is geskep, maar dit moet verander word.

Maak die verslag **repRhino_Renoster** oop.

5.8.1 Verander die breedte van die *Place_Plek*-veld na 3 cm.

Die teks moet ook in hierdie veld gesentreer word. (2)

5.8.2 Verwyder die *Spotno_Merkno*-veld uit die verslag sodat daar geen verwysing na hierdie veld in die verslag is nie. (2)

5.8.3 Voeg 'n groepering op die *Province_Provinsie*-veld by.

Voeg 'n groepopskrif ('group heading') by sodat die naam van elke provinsie links boaan daardie provinsie se besonderhede verskyn wanneer die verslag in verslagaansig ('Report View') beskou word. (3)

5.8.4 Verander die verslag sodat die verskillende wildreservate in alfabetiese volgorde verskyn. (1)

5.8.5 Voeg 'n funksie en 'n geskikte byskrif ('label') by die verslag om die totale getal renosters wat gesien is, te vertoon. (5)

Stoor en maak die verslag **repRhino_Renoster** toe.

Stoor en maak die **5Rhino_Renoster**-databasis toe. **[44]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 6**

Gebruik die volgende lêers om hierdie vraag te voltooi:


- **6Postcard_Poskaart** (woordverwerkingslêer)
- **6Spotted_Gesien** (databasis)
- **6Months_Maande** (sigbladlêer)

Die Ekoklub wil meer kampe vir sy lede en hulle vriende hou as 'n manier om bewustheid te skep om die renoster te red.

Hulle benodig jou hulp om 'n poskaart te voltooi.

Maak die **6Postcard_Poskaart**-woordverwerkingslêer oop.

6.1 Voer die instruksies in VRAAG 6.1.1 tot VRAAG 6.1.6 uit om die poskaart te voltooi soos hieronder getoon.



| I was here ... | | |
|---|---|---|
| **Place_Plek** | **Time_Tyd** | **Seen_Gesien** |
| Riverside | Evening | 2012/10/03 |

**Where were you?**
To join us, fill in your details below:

TYPE YOUR NAME HERE

Letaba

Date submitted: 24/10/2012

6.1.1 Verander die papiergrootte na 15 cm breed en 8 cm hoog. (2)

6.1.2 Voeg enige een van die rekords uit die **6Riverside**-navraag in die **6Spotted_Gesien**-databasis in die poskaart in om as 'n tabel te vertoon, soos hierbo aangedui. (2)

6.1.3 Verander die tabel om soos die voorbeeld hierbo te lyk:

Let op die volgende:
- Die teks 'I was here ...' verskyn in die eerste ry.
- Die teks 'I was here ...' is in dieselfde styl as die teks 'Where were you?' geformateer.
- Die vulling ('fill') van die eerste ry is verander. (3)

6.1.4 Plaas die tabel in 'n uitroepvorm ('callout shape') met 'n stippelbuitelyn, soos hierbo aangedui. (3)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.1.5 Vind die teksvormveldkontrole ('text form field control') wat in **6Postcard_Poskaart** verskyn.

Die teks 'TYPE YOUR NAME HERE' in die skermkopie op die vorige bladsy, verteenwoordig die teksvormveldkontrole.

Verander die teksvormveldkontrole soos volg om soos die voorbeeld wat getoon word, te lyk:

- Die maksimum lengte is 25.
- Die woorde 'Type your name here' verskyn as verstek ('default').
- Teks in die teksvormveldkontrole vertoon in bokas. (3)

6.1.6 Voeg 'n aftrekvormveldkontrole ('drop-down form field control') in, soos in die voorbeeld getoon, om die items 'Letaba', 'Amanzi', 'Meetse' te bevat. (2)

6.2 Die Ekoklub benodig hulp om posetikette ('mailing labels') te skep om die poskaarte na hul lede toe te stuur.

Gebruik die data uit die **Members_Lede**-tabel in die **6Spotted_Gesien**-databasis om die instruksies hieronder uit te voer om die possamevoeging ('mail merge') te doen.

6.2.1 Maak 'n nuwe, leë woordverwerkingsdokument oop.

Gebruik die etiketopsie ('label option') op die possamevoegingseienskap ('mail merge feature') om die posetikette ('mailing labels') met die volgende spesifikasies te skep:

- Meervoudige etikette moet verskyn.
- Die papiergrootte moet A4 portret ('portrait') of 21 cm x 29.7 cm wees.

**WENK:** Voorafgelaaide etiketprofielvorms ('label templates') van etiketverkopers soos Tower W100 Mailing Label; Avery 8460-Address; Microsoft 30 Per Page; Ace Labels 373 of 374 (30 per bladsy) ('30-up sheet') kan gebruik word. (2)

6.2.2 Kies al die rekords uit die **Members_Lede**-tabel in die **6Spotted_Gesien**-databasis vir die possamevoeging. (1)

6.2.3 Voeg die data uit die databasis saam met die woordverwerkingsdokument uit VRAAG 6.2.1.

Let op die volgende:

- Die naam, van en adresvelde moet as saamvoegvelde ('merge fields') in die etikette ('labels') gevoeg word.
- Gebruik 'n kenmerk van die woordverwerker om die invoeging van saamvoegvelde op al die etikette toe te pas.

Stoor die dokument as **6Ready_Gereed**. (3)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.2.4 Voltooi die possamevoeging deur 'n nuwe, saamgevoegde dokument te skep.

Stoor die saamgevoegde dokument as **6Merged_Saam** en maak die dokument toe. (1)

6.3 Maak die **6Months_Maande**-sigblad oop en werk in die **Animals_Diere**-werkblad.

Mnr. Tlou wil tussen Oktober en Desember na renosters gaan kyk.

Gebruik enige metode om die maand te voorspel waarin hy die grootste kans het om 'n renoster te sien. Tik die antwoord in **sel F1** in.

Baseer jou antwoord op die data in die **Animals_Diere**-werkblad.

Op die **Animals_Diere**-werkblad, toon en verhelder ('highlight') die bewerkings/ berekeninge wat jy gebruik het om die antwoord te kry. (3)

Stoor en maak al die dokumente toe. **[25]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 7**

Maak die woordverwerkingslêer **7Answers_Antwoorde** oop. Tik jou eksamennommer in die spasie wat daarvoor gelaat is.

7.1 Vind die horisontale resolusie van die prentjie in die **1Bullet_Kolpunt**-lêer soos dit in die lêereienskappe ('file properties') verskyn. Tik jou antwoord in die spasie wat daarvoor gelaat is in die **7Answers_Antwoorde**-dokument. (1)

7.2 Verander die outeurseienskap ('author property') van die **7Outline_Buitelyn**-lêer na jou eksamennommer. (1)

7.3 Maak **7Workbook_Werkboek** oop.

Beskerm ('Protect') die **Secrets_Geheime**-werkblad deur die wagwoord 'R' op die werkblad te plaas om die inhoud van die geslote selle te beskerm. (2)

7.4 Verander die woordverwerkingslêer **7Web_Web** in 'n webblad. (1)

Stoor **7Answers_Antwoorde** en maak die dokument toe. **[5]**

Stoor en maak al die lêers toe.

**TOTAAL: 200**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com